
Publication:	Network24	Page:	Online
Title:	http://www.netwerk24.com/ZAWeslander/Nuus/fosfaatmyn-water-bly-die-kwessie-20161109	Publish date:	10 November 2016
AVE:	R31, 276.00	Author:	Deur Alida Buckle

Fosfaatmyn: Water bly dié kwessie

Geeneen van die huidige personeel by die Elandsfonteinmyn het enige vorige fosfaatmyn-ondervinding nie, het Mark Maynard, operasionele bestuurder van die omstrede fosfaatmyn, Maandagaand by die Weskus-sakekamer se netwerksessie genoem.

Maynard het wel beklemtoon dat hy saam met die top 10 bestuurslede sowat 220 jaar ondervinding in die mynbedryf het.

Sommige aanwesiges by die vergadering op Maandagaand 7 November het gemengde gevoelens gehad oor die manier waarop vrae aan Maynard gevra kon word. Voorsitter Wilhelm Herbst het net geskrewe vrae toegelaat en verduidelik dat dit die vergadering ordelik sal laat verloop in teenstelling tot emosionele uitbarstings en individue se tirades ervaar op vorige vergaderings.

Francois Turner was al lid wat hoorbaar kopsie gemaak het teen dié nuwe reël. Die vergadering het ten spyte van sy onderbreking ordelik voortgegaan met Heléne Meissenheimer, gekoöpteerde bestuurslid, wat na afloop van Maynard se aanbieding, lede se geskrewe vrae aan hom en Philip le Roux, senior Kropz-geoloog, voorgelees het. Kropz is die meerderheids-aandeelhouer van die myn.

Die vrae het hoofsaaklik gewentel om die impak wat die myn op die watertafel van die Elandsfontein-akwifereer, 'n kritiese waterbron, gaan hê siende in die boonste akwifereer gemyn word.

Hoewel Maynard die uitgebreide moniteringsnetwerk breedvoerig verduidelik het, wou hy nie juis uitbrei oor die moontlike risiko's vir die omgewing nie. Hy het wel verduidelik met ongemitigeerde mynbou kan die V-vormige myngat se kante intuïemal met gepaardgaande veiligheidsrisiko's vir mynwerkers, maar beklemtoon hoe 'n hoë premie die myn op veiligheid plaas.

Maynard het aangetoon hoe die water wat uit die boonste akwifereer uitgedomp word tot op die vlak waar fosfaat ontgin kan word, met 'n pypleiding verder stroom-af via 'n reeks van 20 boorgate in die watertafel teruggeplaas gaan word. Die leeftyd van die myn is 15 jaar, maar daar word beplan om vir ongeveer nege jaar fosfaat te ontgin. Hierdie word gereken as die tweede grootste fosfaatneerslag in die land en van besonder suiwer kwaliteit.

Die myn gaan nie boor of skiet nie, maar stuk-stuk oopgrawe en weer die oopgroefmyn stelselmatig opvul soos gemyn word.

African Rainbow Capital, wat aan mynmagnaat Patrick Motsepe en gesin behoort, is Kropz se BEE-vennoot. 'n Nasionale fossielreserwedisgebied is langs die mynperseel. Volgens Maynard sal enige fossiele, wat tydens die mynproses gevind word, in 'n beplande fossielmuseum uitgestal word. Dit sal as 'n toerismesentrum bestuur word. Op 'n vraag of die myn sy bedrywighede sal staak indien die departement van waterwese en sanitasie nie 'n waterlisensie aan hulle toestaan nie, het Maynard toegegee dat hulle dan nie sal kan myn nie, maar het bygevoeg hulle het volle vertroue dat dit nie die geval sal wees nie. Die ontginde fosfaat gaan via groot vragmotors, geskat op vier per dag, na Saldanha-hawe vervoer word, hoofsaaklik vir uitvoer.